# *Die Westelike Provinsie Metaalsilhoeëtskiet Vereniging*

bied hiervolgens die

## 2023 WP Metaalsilhoeëskiet Kampioenskappe aan.

Datum: 17 tot 19 Maart

Plek: Atlantis - Weskaap Skutters Unie Skietbaankompleks. (WSU)

### Kennisgewings en Kompetisie Protokolle.

Algemeen.

- Besoekers is welkom.
- SAMSSV geaffilieërde lede se tellings word deurgegee en deur SAMSSV opgeneem.
- Die baanregister moet op elke dag geteken word, nog voor die skietposisies of besoekersareas betree word.
- Geen persoon onder 21 jaar van ouderdom mag 'n vuurwapen hanteer, tensy hy of sy onder die die direkte toesig is van 'n verantwoordelike volwassene (21 jaar of ouer). Die enigste uitsondering is vir diégene onder 21 jaar, maar wie wettig gelisensieëde wapeneienaars in hulle eie reg is.

Kompitisie reels:

1. Persone wat vir meer as 8 items inskryf, gaan bes moontlik items direk agtereenvolgend moet skiet om alle items in te pas. (Let wel, baanoffisier dienste kan ook ingedeel word waar toepaslik.)
2. Persone wat vir meer as 2 items inskryf, moet vir minstens twee dae tydens die kampioenskappe beskikbaar wees om deel te neem.
3. Laat inskrywings (vir items op die inskrywingsvorm, uitgesonder wind-geweer en wind-pistool items) wat op die skietbaan gemaak word, kwalifiseer nie vir toekennings of pryse nie.
4. Laat inskrywings word op die skietbaan aanvaar, slegs indien daar bane beskikbaar is en waar dit in die skut se aflos-indelings ingepas kan word. Vra die aankondiger indien jy dalk nog items wil skiet en ons sal probeer akkomodeer waar moontlik.
5. Die kampioenskappe begin om 11h00 op Vrydag en 08h30 op Saterdag en Sondag.
6. Daar word 2 aflosse op Vrydag, 4 aflosse op Saterdag en 3 aflosse op Sondag ingedeel.
7. Groot kaliber geweer items word slegs op Saterdag ingedeel.

8. Uitskiete sal gehou word vir gelyke tellings om die item kampioen te bepaal en ook om absolute gelyke tellings, waar nodig, te bepaal. Ander gelyke tellings word met terugtelling bepaal. Enige uitskiet sal beslis word, so gou moontlik na die laaste aflos op Sondagmiddag, 19 Maart afgehandel is. Skuts moer teenwoordig wees vir uitskiete, ander word die hoeër posisie verbeur.
9. Die baan word Vrydag oggend opgestel. So vinnig moontlik daarna sal daar geleentheid gegee word vir inskiete. Kontak JP op 083 865 7704, indien daar probleme is, veral skuts wat van ander provinsies bywoon. Ons sal binne vermoeë probeer akkomodeer.
10. 'n Baanoffisier moet in beheer wees van die baan, ten alle tye wanneer daar geskiet word.. insluitende inskiete.
11. Die skietbaan word SLEGS veilig verklaar wanneer rooi veiligheids-vlaggies in alle oop vuurwapens se lope geplaas en vertoon word, of die vuurwapens in 'n sak of tas gebêre is. Maak dus seker jy het rooi-veilihgeidsvlaggies! Baan offisiere sal inspeksie hou.
12. Aflossings A en B moet vir mekaar telling hou.
13. Deelnemers wat mag versuim om telling te hou of om baanoffisierdienste te doen, sal sy/haar telling van die voorafgaande item verbeur.
14. Deelnemers is verantwoordelik vir die opstel en verf van hul eie teikens – insluitende die 200m afstand en slegs wit of swart teikens is toelaatbaar volgens IMSSU reëls.
15. Deelnemers wat vir die eerste aflos van die dag ingedeel is, moet reeds 'n uur voor die tyd aanmeld om te help met die opstelling van hulle teikens. Verf word voorsien, maar bring ook u eie (swart of wit), indien u spesiale afwerkings voorkeure het. Oorverf (swart op wit en wit op swart) benodig die baanoffisier se toestemming.
16. Medaljes vir klas en algehele wenners sal slegs aan junior skuts toegeken word. Dit is suiwer ‘n koste kwessie. Aan alle ander klas en algehele wenners word sertifikate uitgereik. (Sertifikate sal in PDF formaat vanaf 5 April 2023 aan provinsies beskikbaar gestel word.)
17. Enige protes (teen R200 elk) teen teikens en/of baan spesifikasies moet gedoen word voordat die deelnemer die betrokke item begin skiet.

Prysuitdeling: Die formaat van prysuitdelings is nou as volg. Op die opvolgende WP Kampioenskappe sal die vorige kampioenskap se algehele wenners en klaswenners aangekondig word. Sertifikate sal dan uitgereik word. Dit sal plaasvind die Saterdag van die driedag kompetisie, en na afloop van die laatste item van die dag. Die geleentheid sal op die baan geskied. Aankondigings daaroor sal tydens die kampioenskappe gedoen word.

Verversings tydens die kompetisie: 'n Snoepie sal Saterdag en Sondag op die baan beskikbaar wees, mits die aantal inskrywings om dit te ondersteun dit regverdig. Kennisgewing met bevestiging sal uitgestuur word voor die kampioenskappe begin.

Wapensertifisering: Wapens kan lukraak vir inspeksie gevra word deur die Wapensertifikasie Beampte. Alle wapens moet aan IMMSU standaarde voldoen. Tellings van items waarin sodanige wapen, wat nie aan die vereistes voldoen nie, sal verbeurd verklaar word.

Inskrywings en Betaling:
U inskrywings en bewys van betaling moet die WPMSSV Sekretaris of die Aflosindeling Beampte (WAG Nel) teen Saterdag 4 Maart 2023 bereik. Inskrywings wat na hierdie datum ontvang, word, mag dalk na die inskrywings wat betyds is, ingedeel word. Inskrywings geskiet per Whatsapp format vir WP lede en ander provinsie se lede, per e-pos na: wpmssa.secretary@gmail.com

Bank besonderhede van WPMSSA: LET WEL!! - R20 kontant deposito fooi moet ingesluit word by kontant inbetalings asseblief! Dit geld derhalwe nie vir EVO (Elektroniese Vonds Oorplasing of EFT nie.)

Bank Naam: ABSA
Rekening Tipe: Tjek
Tak kode: 632-005
Rekening Nommer: 110-443-0526
BvB Notifikasies: SMS na Selnr.: 067693 9967

Ander kontak besonderhede:

E-pos: wpmssa.secretary@gmail.com en vir Skietindelings: wagnel@telkomsa.net

Inskrywings forms: via WHASAPP groep: WPSilhouette Entry Form

Vir ander inskrywings van ander provinsies: wpmssa.secretary@gmail.com

Enige Vrae/Probleme: JP 083 865 7704

Beamptes:
Wedstryd Direkteur: MC Jacobs assisted by Clinton Bauermeister
Wapen Sertifisering: Wilhelm Nel
Hoof Baanoffisier: Gary Cullingworth assisted by Louis Jooste (hierdie beamptes is grommerig, sukkel met hulle op julle eie verantwoordelikheid!!)

Baan Beamptes:
Senterslag Handwapen: Gary Cullingworth
Senterslag Gewere /Veld Pistool/Sport Handwapen: Clinton Bauermeister
Randslag Handwapen: Wayne Arlar.
Randslag Geweer: Tertius de Villiers.
LugWapens: Alan Weber
Aankondiger: JP of soos getaak word.
Jurie Sameroeper: MC Jacobs
Statistikus en Aflosindelings: WAG Nel